

KOERSVAS

Jaargang 2 Uitgawe 42 20 Junie 2014



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Soos ou vriende doen

Die pas-afgelope Theresapark Bondsvergadering kan volmondig as 'n hoogtepunt beskryf word. Dit was 'n geestelike, 'n emosionele en 'n leierskap hoogtepunt gewees. In terugskoue stem almal wat uitgesien het (en almal het uitgesien) na die vergadering saam dat dit meer as voldoen het aan verwagtinge. Afgevaardigdes het Sondag en Maandag mekaar soos ou vriende gegroet met die woorde "aangename kennis". Dinsdag het almal mekaar geken en gemoedelik elk die ander tot wedersiens gewens.

Sondag se erediens was 'n intense ontmoeting met die Here. Die gewyde samesang en samesyn was kenmerkend van diep-gelowige mense. Die prediking was opreg, direk, Skrifgefundeerd en Skrifgetrou. Die boodskap is deur al die afgevaardigdes saamgedra deur die loop van die vergadering, en waarskynlik saam huis toe. Die debatte Maandag en Dinsdag was op 'n hoë vlak, telkens deur die Skrif ondersteun. Daar was nie tyd of plek vir emosionele watte-argumente nie. Elke saak is op meriete aan die hand van die Bybel onder die kollig geplaas.

Die feit dat almal teenwoordig mekaar vertrou het, het gemaak dat dit vir ieder en elk 'n geestelik opbouende geleentheid was. Die vertrou het gemaak dat daar nie na verskuilde agendas gesoek is in die aanhoor van beredenerings nie.

Vorbereidings en gesprekke het nie sentreer rondom humanistiese gevegte en strydargumente nie. Afgevaardigdes het nie tydens sittingsure na buite gevlug om daar in kleingroepies argumente te opper wat ter wille van 'n politieke agenda in die vergadering nie aangehoor is of omdat hulle uitgejou sou word nie. Dit beteken nie dat daar nie verskille was nie. Inteendeel, die Geloofsbond bestaan uit lidmate en ampsdraers wat beginselvas is en sterk standpunt inneem oor sake. Mense sal in eensgesindheid oor beginsels steeds oor perifere sake of toepassing verskil. Dit is die hantering van verskille wat vir mense 'n emosioneel veilige ruimte skep. Verskille is met respek hanteer.

Die vergadering is saamgestel uit leiers van die verskillende Bondsgemeentes. Daar was getrou presbiteraal-sinodaal meer ouderlinge as predikante, elkeen 'n leier, elkeen met 'n eie bestuurstyl. Dit

kan in 'n nagmerrie ontaard indien die Voorsitter en Skriba nie opgewasse is nie. Ds Schoeman en Dr Storm was as Voorsitter en Skriba waardige en bekwame voorgangers en die afgevaardigdes het hulle in ordentlikheid toegelaat om goeie leiding te gee. Soos ou vriende doen.

Nuusbrokkies

Bondsbrokkies

- Die komitee wat die aktiwiteite van gemeentes en verkose komitees tussen Bondsvergaderings gaan koördineer, sal as tussentydse maatreël bekend staan as die Bestuurskomitee. Met die afhandel van die Kerkorde sal daar na 'n meer gepaste benaming gekyk word.
- Die Bondsvergadering se notule sal tydens die Bestuurskomitee se vergadering van 26 Junie 2014 bespreek en goedgekeur word. Dit sal daarna op die webwerf <http://www.geloofsbond.co.za/> geplaas word en elektronies aan Bondsgemeentes versend word.
- Tydens die Bondsvergadering is daar in beginsel goedkeuring gegee aan die Kuratorium om 'n kontrak aan te gaan met die APA. Voornemende teologie studente kan hulle voorgraadse studie by die APA gaan doen. Die kontrak is 'n goeie ooreenkoms en ons is die APA en die APK dank verskuldig vir hulle positiewe gesindheid. Ons sien uit na goeie samewerking. Die eerste Bondstudente is reeds met die APA in gesprek oor opleiding.
- Al die Bondsprekante het tydens die vergadering hulle Bonds-akkrediasie sertifikate ontvang. Die een hartseer

wat genoem is tydens die oorhandiging aan proff Pont en van der Westhuizen, is die NHKA se hardvotige optrede teenoor die twee eerbiedwaardige bedienaars van die Woord. Soos reeds berig, is hulle **onkerkordelik onthef** as predikante van die NHKA. Hierdie optrede teenoor mense wat soveel jare van onbaatsugtige diens gelewer het, weerspieël die roekelose toewyding aan die nuwe rigting wat die NHKA ingeslaan het.

- Geruime tyd moes aan die hofsake spandeer word. Adv Renette du Plessis het almal ingelig oor die huidige stand van sake, asook die basiese regsargumente ter sprake. Die Bondsvergadering het weer die wens uitgespreek dat daar mediasie moet plaasvind. Tog is besluit om te hoop vir die beste en voor te berei vir die ergste. Fondse wat ingesamel gaan word, sal tot en met die hofsake afgehandel is, vir dié doel geallokeer word. Gemeentes word versoek om 7% van offergawe inkomste aan die regsfondse te skenk. Lidmate en instansies word uitgenooi om ook ruim by te dra.
- Tydens die eerste Bondsvergadering in 2013 te Tuine was die basiese ingesteldheid van almal "Ons is 'n klein groepie van 13 gemeentes, kom ons kyk wat ons kan regkry". Die Bond het meer as verdubbel in elf maande en daar was 'n nuwe ingesteldheid by Theresapark te bespreur naamlik; "Ons is 'n mooi groep van 30 gemeentes, ons moet 'n hele klomp goed kan regkry". Nuwe komitees is benoem om konstruktief die pad vorentoe te begin aanwys. Die nuwe

komitees wat aangewys is, sal in die volgende Koersvas bekend gestel word.

- Die dames het op Maandag 9 Junie 2014 'n baie geslaagde byeenkoms gehad. Hulle berig as volg:

BONDSDAMESBYEENKOMS, 9 JUNIE 2014 TE THERESAPARK

Ons stap die Geloofspad saam, ons oë gefokus op die Here. Die Geloofsbond het die ondersteuning van gelowige, sterk vroue wat, sonder fieterjasies, hul ondersteuning bied in hul gesinne, gemeentes, gemeenskap en waar nodig. Daar is heerlik informeel saamgekuier en hard saamgewerk. Die dames is positief en entoesiasies. 'n Gesamentlike fondinsameling is geloods om by te dra tot die opleiding van ons Teologie studente.

Die Bondsdames funksioneer as volg:

**GEEN VOORSKRIFTELIKHEID
GEEN FINANSIËLE VERPLIGTINGS
ELKE DAMESVERENIGING BESLUIT
OOR HUL EIE SAKE.**

Theresapark, ons waardeer julle vriendelikheid, harde werk en keurigheid waarmee julle vir ons 'n geleentheid gebied het om saam te kuier en te beplan.

**Die notule word binnekort aan Bondsgemeentes uitgestuur en u is welkom om saam te gesels*

Regsfonds inbetalings: Ons begeerte is dat die sake van dispuut nie in die hof gaan draai nie. Ons probeer hard om die Christelike weg te volg. Intussen moet rapporteer word dat alle pogings tot skikking en versoening skipbreuk gely het. Die versoek dat ons die regsfonds laat aangroei, is daarom dringend nodig. Lidmate en gemeentes wat inbetalings maak in die Bond se bankrekening, moet alle besonderhede van die transaksie, insluitende datum en waarvoor die geld geormerk is, aanstuur na ons kassier, ouderling Tom Greeff.

tomcases@lantic.net

BANKBESONDERHEDE:

Naam: GHG (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)
ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika
Rekeningnommer: 6243 092 3088
Takkode: 250 655

KENNISGEWINGS

*Komitee voorsitters word herinner aan die eerste Bestuurskomitee vergadering DV 26 Junie 2014 om 10:00 te Meyerspark.
Ds Frans Marais*

Bybelvasvrae:

Bybelkennis is onvervangbaar. Die Woord van God moedig ons deurlopend aan om die Woord te bestudeer en dit te oordink. Psalm 1: 1 & 2 sê: "Dit gaan goed met die mens ...wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink." Ontvang hiermee die nodige inligting met betrekking tot die Bybelvasvrae vir 2014. Bestek:

Die briewe van Johannes. (1; 2 & 3 Johannes)

Heidelbergse Kategismus– Sondag 1 tot 8.

Pretoria se gemeentes hou hulle vasvrae 10 Augustus 2014.

Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

ella@teamworkprinters.com

Stuur u gemeente se **kennisgewings en nuusbrokkies** na j.otto@telkomsa.net vir opname in die volgende Koersvas.



Bondspredikante

8 Junie 2014

4

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

MW PACKAGING
by 018 381 1494.

Buitewyk-Fondsinsameling

Wen 'n mini-BOERDERY

U staan 'n kans om 'n mini-BOERDERY te wen deur 'n kaartjie te koop vir R100-00. Die opbrengs van die projek is ten bate van Premiermyn Hervormde Gemeente, Cullinan.



Die mini-BOERDERY bestaan uit drie jong Nguni verse en 'n jong Nguni bul.

Die wenner van die mini-BOERDERY mag ook vra dat die vier Nguni beeste op 'n veiling verkoop kan word. Die bedrag wat vir die beeste gekry word is dan ook die kontant bedrag wat die wenner sal kry.



Die trekking sal op 16 November 2014 na die erediens onder toesig van die Ouderlingevergadering geskied, waarna die gelukkige wenner telefonies in kennis gestel sal word.

Kontak Hans 084 581 2905